

Les 36

Teks: Johannes 18: 1 - 40

1. Inleiding

Vandag ondersoek ons die 18de hoofstuk van die Johannes evangelie. Die hier waar die passie gebeure begin. En uiteraard bevat elke evangelie passie gebeure, trouens dit is immers juis wat 'n evangelie, dan 'n evangelie maak. Tog is daar ook verskille in die verslaggewing oor die passie gebeure in die evangelie. Vandag fokus ons op die nasionaliteit of ras van mense rondom die kruis. Ons trek dit deur tot ons eie ras en nasionaliteit, of eintlik ons posisie voor die Here. Daarna kyk ons na 'n kort opsomming van die verloop van gebeure by die kruis. Al hierdie sake word in hoofstuk 18 aangeraak. Dit word weergegee in 'n netjiese stukkie literatuur, wat voortdurend die toneel afwissel tussen die arrestasie en verhoor van Christus en die verloëning deur Petrus.

2. Die, Jood, Romein en moderne Christen

Iets waaroor Christene kan nadink is ook iets waaraan Jode kan nadink en eintlik iets vir almal, ongeag godsdienstige of rasse-agtergrond, om oor na te dink. In omgekeerde volgorde soos volg. Almal van ons moet onthou dat dit die party aan bewind is wat die vervolging waarskynlik sal doen, hetsy in die eerste eeu of in die sestende. Jode moet besef dat die meeste, miskien al al die Nuwe-Testamentiese skrywers van die Joodse ras was, Jode wat Christene geword het. 'Anti-Semitisme' is eenvoudig nie die kategorie waarin die mense tuis sal wees nie. Die skeidingslyn van die Nuwe Testament eerder aanwend is teologies, spiritueel, histories - nie ras nie. En die belangrikste van alles is dat ons wat onself Christene noem, voortdurend moet onthou dat ons eie teologie daarop aandring dat elkeen van ons net so skuldig is daaraan om Jesus aan die kruis te plaas soos wat Kajafas is. Dit is ons skuld wat Jesus as die Lam van God aan die kruis geplaas het (1:29, 36). Teologies verminder dit nie Joodse skuld, of Romeinse skuld nie. Dit verskoon nie individue soos Kajafas en Pilatus nie. Dit plaas Jesus se dood op die agtergrond van die meer korrekte basiese skuld. Dit is die skuld van gewone sondaars wat nie vergewing en vergifnis sou ken nie, behalwe vir die betoning van die liefde van God in sy Seun Christus Jesus. Dit is die skuld van die wêreld, my skuldgevoelens, wat die onverdiende liefde van God aan die dag gelê het wat in die missie van sy Seun vertoon is. Dit beteken dat enige Christen, op grond van die elementêre teologie wat hy of sy as 'n Christen voorstaan, afsonderlik nie in die posisie is om 'n vinger van neerhalende veroordeling in die rigting van ander sondaars te wys.

3. Die verloop van gebeure

Daar is verskillende maniere waarop die uiteenlopende Evangelie verslae oor Jesus se passie, veral sy arrestasie en verhore, in 'n enkele verhaallyn gebring kan word. Daar was twee verhore, een Joodse en een Romeinse. Eersgenoemde het begin met informele ondersoek deur Annas, moontlik terwyl lede van die Sanhedrin inderhaas ontbied is. 'n Sessie voor die Sanhedrin met openhartige konsensus is gevolg deur 'n formele beslissing met dagbreek en versending na Pilatus. Die Romeinse verhoor het begin met 'n eerste ondersoek voor Pilatus, gevolg deur Herodes se ondervraging en Jesus se finale

verskyning voor Pilatus. Ander rekonstruksies is moontlik, maar hierdie koördineer die Bybelse gegewens.

4. Die verloëning deur Petrus

Al vier evangelies vertel van Petrus se hartseer verval. Die punt is nie bloot die rou feit dat Petrus sy Here verloën het nie, maar dat hy dit gedoen het as 'n dissipel, 'n intieme dissipel. In die vloei van die verhaal het dit die dubbele effek dat dit Jesus se voorafgaande kennis van sy passie toon, en dus sy beheer oor die gebeure (Jesus het hierdie voorval voorspel, in 13:38), en dat dit Jesus selfs van sy intiemste volgeling afgesonder is. Dit vestig die aandag op die uniekheid van Sy lyding en dood.

5. Teks met Teks vergelykings

1. Matt. 26: 57–68
2. Matt. 27: 1–2
3. Matt. 27: 11–14
4. Matt. 27: 15–31
5. Mark. 14: 53–65
6. Luk 18: 9 - 14
7. Luk. 22: 66–71
8. Luk. 23: 6–12
9. 1 Korinthiërs 10:12

6. Vrae

1. Watter groep eienskap veroorsaak dat sekere mense uitverkies word en ander nie?
2. Verduidelik die rol wat Annas, Kajafas, Herodes en uiteindelik Pilates speel in die passie gebeure?
3. So ek en jy Jesus verloën as ons in Petrus se posisie was?
4. Wat is waarheid?
5. Met watter oë kyk ons na ons nasionaliteit en posisie in die samelewing?

7. Bronne

Carson, D. A. (1991). [*The Gospel according to John*](#). Leicester, England; Grand Rapids, MI: Inter-Varsity Press; W.B. Eerdmans.